

Kruispad

SEPTEMBER
2025

Families



Kruispad Nuus

'n Dankbare Terugblik

En hier is ons al halfpad deur ons tweede bestaansjaar! Twee jaar mag dalk na 'n kort tydperk klink, maar vir Kruispad Families voel dit soos 'n groot mylpaal – vol stories van hoop, groei en nuwe beginne.

Toe hierdie droom van veilige huise begin posvat het, het ons geweet dit sou geloof en moed verg. Ons het nie sekerheid gehad oor befondsing of sukses nie – net 'n diep oortuiging dat kinders 'n beter toekoms verdien. Elke dag sedertdien is 'n stap van geloof en elke aand 'n oomblik van dankbaarheid.

Ons harte loop oor van waardering teenoor God, en ook teenoor elke ondersteuner, borg en vriend van Kruispad. Sonder julle sou geen van ons suksesse moontlik gewees het nie. Dankie dat julle ons hande sterk maak sodat ons saam kan bou aan kinders se toekoms.

“Ons het nie sekerheid gehad oor befondsing of sukses nie – net 'n diep oortuiging dat kinders 'n beter toekoms verdien. “



Vakansie Pret!

Om 13 kinders vir bykans vier weke in die wintervakansie besig te hou is 'n uitdaging! Ons het egter plan gemaak:

- 'n Daguitstappie na Avalon Springs, waar die warmwaterbronne groot vreugde gebring het.
- 'n Road trip deur die skilderagtige Tradouwpas na Barrydale.
- 'n Verkenning van Greyton waar tyd blykbaar stilstaan.

'n Bergwandeling in Montagu, waar koue poele dapper geswem is – met die belofte om in die somer weer terug te gaan, hierdie keer saam met die dogters ook.



Kruispad Families



AKADEMIE:

Hoop in die klaskamer

Hierdie jaar het vyf van ons kinders hul hoërskoolloopbaan begin. Aanvanklike onsekerheid het plek gemaak vir selfvertroue, en die kinders presteer so mooi. Net een uit die groep het die vorige kwartaal gesukkel, maar met ondersteuning en harde werk glo ons vas dat selfs dit gaan regkom.

'n Besondere hoogtepunt is Elrico Welkom – ons eerste jongmens in matriek. Ná byna twee jaar uit die skool, het hy in 2023 by Jakes Gerwel Tegniese Skool aangesluit. Vandag staan hy eerste in sy klas en werk hy reeds saam met 'n onderwyser om aansoeke vir verdere studie in 2026 te voltooi. Elrico is 'n lewende bewys dat omstandighede jou nie hoef terug te hou nie.

Ons jongste seun, wat vroeër groot dissipline-uitdagings ervaar het, het onlangs aangewys is as die “Skrifkoning” in sy klas vir die netjeste handskrif. Sy trots straal en ons glo dit is die eerste van vele oorwinnings wat hom verder sal motiveer.

Vir die meeste van ons kinders is dit die eerste keer dat hulle elke dag skool toe kan gaan – netjies geklee, met vol mae, en met iemand wat ná skool wag om huiswerk te help en 'n warm ete te voorsien. Hierdie eenvoudige voorregte is vir hulle nuwe, kosbare ervarings.



Kruispad Families



Huislewe:



'n Nuwe Gesin

Ons seunshuis het onlangs twee nuwe boeties verwelkom, Gaywin (14) en Eldino (8). Vir Eldino was dit veral spesiaal – hy het sy eerste verjaarsdagpartytjie ooit hier by Kruispad gehad. Die glimlag op sy gesiggie toe hy die versierde eetkamer sien, sal ons nooit vergeet nie.

Al die kinders pas mooi in, en teen die verwagting van baie, ervaar ons min konflik. Eerder sien ons hoe “boeties en sussies” mekaar ondersteun, saam speel, en saam bou aan 'n huis wat meer en meer soos 'n gesin voel.

Elke tweede Saterdag hou ons tuindag by die seunshuis. Wat eens 'n busdepot was, verander stadig maar seker in 'n kindervriendelike speelplek. Aanvanklike huiwering het verander in trots – die kinders is nou self vol idees oor wat volgende geplant of gebou moet word.

En natuurlik is daar ook nuwe “kinders” – ons honde Nippy ('n energieke Saint Bernard/Alsatian kruising by die dogtershuis) en Titan ('n Saint Bernard/Rottweiler kruising by die seunshuis). Hulle bring vreugde, chaos en baie lag.



Kruispad Families



'n Slotwoord:

By Kruispad Families glo ons dat hoop, liefde en geleenthede kinders se lewens kan verander. Ons werk is nie altyd maklik nie, maar die resultate – 'n glimlag, 'n geslaagde eksamen, 'n eerste verjaarsdagpartytjie – herinner ons telkens hoekom ons bestaan.

Dankie dat jy deel is van hierdie reis. Jou betrokkenheid – deur gebed, tyd, skenkings of ondersteuning – maak 'n reuse verskil.

Saam kan ons verseker dat nog baie kinders 'n veilige huis, 'n goeie opvoeding en 'n helder toekoms ontvang.

Bederf en Seën

Ons is die afgelope kwartaal weer bederf deur die gemeenskap:

Baie Dankie!

- **Lactalis** het op Mandela Dag melk, smeerkaas en Steri Stumpies geskenk – 'n groot fees vir die kinders.
- **Die V GK Kerk** het toiletware en lekkernypakkies gebring wat die kinders se gesigte laat ophelder het.
- **Plaaslike boere** het ons uitgenooi om groente soos patat, blomkool, broccoli en butternut self te oes – 'n seën wat ons vir maande sal voed.



Met waardering,
Die Kruispad Families Span